**No. 2357** **28 Oktober 1983**

WET OP OORLOGSGRAFTE EN NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VERKLARING VAN DIE LLANDAFF-BIDKAPEL, TESAME MET 10 METER GROND DAAROMHEEN, GELEË OP PERSEEL 115 IN DIE DORP VAN REENEN, NATAL

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Oorlogsgrafte en Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die Llandaff-bidkapel, tesame met 10 meter grond daaromheen, geleë op Perseel 115 in die dorp Van Reenen, Natal, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die Llandaff-bidkapel, tesame met 10 meter grond daaromheen, geleë op Perseel 115, Van Reenen-dorpsgronde, in die county Kliprivier, provinsie Natal, en groot tweeduisend drie-en-twintig (2 023) vierkante meter.

Transportakte 17537/1979, gedateer 31 Oktober 1979.

*Historiese belang*

Hierdie rooibaksteenkerkie is in 1925 deur Joseph Maynard Mathew, destydse landdros in Natal, opgerig om 'n gedenkplaat te huisves ter nagedagtenis aan sy seun Llandaff, wat tydens die Burnside-steenkoolmynramp omgekom het. 10/2/1052.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

**No. 2357** **28 October 1983**

WAR GRAVES AND NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

DECLARATION OF THE LLANDAFF ORATORY, TOGETHER WITH 10 METRES OF SURROUNDING LAND, SITUATED ON LOT 115 IN THE TOWN OF VAN REENEN, NATAL

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the War Graves and National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the Llandaff Oratory, together with 10 metres of surrounding land, situated on Lot 115 in the town of Van Reenen, Natal, to be a national monument.

*Description*

The Llandaff Oratory, together with 10 metres of surrounding land, situate on Lot 115, Van Reenen Township, in the County of Klip River, Province of Natal, in extent two thousand and twenty-three (2 023) square metres.

Deed of Transfer 17537/1979, dated 31 October 1979.

*Historical interest*

This red brick chapel was erected in 1925 by Joseph Maynard Mathew, at the time landdrost in Natal, to house a memorial plaque in memory of his son Llandaff, who died during the Burnside colliery disaster. 10/2/1052.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.